

PUILA INVUILA

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

LEES BINNE:

- 3 > Bewaar die hout op jou plaas
- 7 > Alles oor onkruid, hoofpyn en onkruidodders
- 10 > Verstaan veldbestuur

'n Suksesvolle besigheidsplan verg' behoorlike beplanning

WEENS DIE SUKSES WAT ONS BEHAAL HET MET BETREKKING TOT DIE HERKAPITALISERINGSPROGRAM IN DIE VRYSTAAT, IS ONS OORVAL MET VERSOEKE VIR BESIGHEIDSPLANNE. DIT WIL VOORKOM ASOF SOMMIGE MENSE DINK DAT IEMAND 'N BESIGHEIDSPLAN GAAN SKRYF WAT ONMIDDELLIKE SUKSES EN RYKDOM SAL VERSEKER. DIT IS EGTER GLAD NIE DIE GEVAL NIE.

Wanneer ons as Graan SA 'n sakeplan voorberei, begin ons met deeglike hulpbronevaluering. Jy moet weet waarmee jy werk voordat jy kan begin planne maak. Ons moet na die boer kyk, siende dat hy die bestuurder van die hele proses is. Dit is belangrik om te weet hoe ervare die boer is, of hy op die plaas woon, of daar ander vennote betrokke is en of die boer deel van die ontwikkelingsprogram vorm ten einde oor die nodige kennis te beskik om sodoende te weet wat om te doen.

Volgende is die grond – nie alle grond is geskik vir enige soort boerdery nie. Ons moet weet hoeveel grond beskikbaar is; hoeveel hektaar daarvan be-

werkbare grond en hoeveel hektaar weiding is? Wat is die toestand van die weiding en hoeveel lewende hawe kan geakkommodeer word op die plaas? Watter gewasse word in die streek geplant en wat is die grondtepte van hierdie grond? Ons moet altyd onthou dat die grondtepte binne 'n klein area baie kan wissel. Een land kan goed wees vir die produksie van mielies, terwyl 'n ander land geskik is vir permanente weidings. Watter wisselboustelsel is moontlik in hierdie gebied – dit is nie goeie praktyk om dieselfde gewas op dieselfde land vir 'n aantal jare te plant nie.

Trekkers en implemente is van kardinale belang vir kommersiële graanproduksie – die aantal en grootte van die trekkers is belangrik, maar wat amper belangriker is, is die toestand van die trekkers. Sal hierdie trekkers in staat wees om die werk te doen tydens die besige seisoen? Graanproduksie is afhanklik van die tydsberekening van al die bedrywighede en wanneer die trekkers in 'n swak toestand is, sal hulle breek op die tyd wanneer jy hulle



3



12



Mme Jane sê...

Verandering is deel van die lewe en dié maand merk ons dit beslis in die weerpatroon ook op. Net toe ons dink die lente is hier word ons nie net met ysige weer begroet nie, maar word bergpasse en paaie ook gesluit weens die gevaar wat sneeu vir padverbruikers inhou. Gelukkig is daar die sekerheid dat die lente wel ná die winter sal aanbreek.

Daar het ook 'n verandering by Graan SA plaasgevind. Ter ondersteuning van transformasie binne dié organisasie, het Graan SA se Dagbestuur mnr Victor Mongoato op 24 Julie as lid van die Hoofbestuur gekoöpteer. Hy is vroeër vanjaar ook aangewys as Voorsitter van Graan SA se Ontwikkelende Landbou-werkgroep.

Victor boer met mielies en droëbone aan die voet van die westelike gedeelte van die Drakensberge in die Matatiele-distrik in die Oos-Kaap. Terwyl ek met hom gesels het, was sy plaas onder 'n dik laag sneeu bedek en was hy besig om reëlins te tref vir ekstra voeding vir sy beeste en skape.

Volgens Victor het reeds baie ontwikkelende boere goeie vordering getoon met behulp van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram.

Hy glo hulle kan met behulp van dié program nuwe hoogtes bereik. In sy rol as Voorsitter van die Ontwikkelende Landbou-werkgroep, hoop hy om die opkomende boere te help om hul doelwitte te bereik sodat hulle volwaardige produserende boere kan word wat voeding vir die land verskaf. Victor is baie positief oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika en is van mening dat die huidige groep boere gereed is vir enige uitdaging wat die landboubedryf oor die volgende paar jaar in die gesig mag staar. Ons wens Victor net die beste toe vir sy toekoms.



Victor Mongoato, Voorsitter van Graan SA se Ontwikkelende Landbou-werkgroep.

'n Suksesvolle besigheidsplan verg behoorlike beplanning

die meeste nodig het. Sommige plase het implemente, maar hulle is verouderd. Ploegtyd is verby – ons moet beweeg na tandimplemente en later na minimum en verminderde bewerking. Ons moet begin kyk na die gesondheid van ons grond en altyd onthou dat ons die grond net leen van toekomstige generasies. Ons het 'n groot verantwoordelikheid om te sorg vir die grond sodat toekomstige geslagte ook in staat sal wees om die grond te gebruik vir produksie.

In die graanproduserende gebiede weet ons hoeveel trekkrag benodig word om die lande te bewerk – ons weet ook watter implemente benodig word. Dit is baie belangrik om die trekkers en implemente aan die grootte van die plaas en die produksieplan te koppel.

Die meeste plase het 'n lewendehawe-komponent en die diere moet bestuur word. In die besigheidsplan moet ons kyk na die toestand van die heinings en watervoorsiening – ook die drukgang en hanteringsgeriewe. Dit is baie belangrik dat daar waterpunte in elke kamp moet

wees. Die diere mors energie as hulle lang afstande moet stap om water te drink en dit is koste-effektief om die water na die vee te bring eerder as om die vee na die water te laat stap.

Die laaste fokusarea vir die besigheidsplan is die werklike ondernemingsbegroting vir die gewasse wat beplan word. Dit is nie altyd moontlik om die presiese kosteberekening vroeg in die seisoen te doen nie, aangesien die pryse van al die insette gereeld verander. Dit is egter noodsaaklik om 'n goeie beraaming van die produksiekoste te hê.

Uit die bogenoemde bespreking sal jy miskien besef dat 'n besigheidsplan nie iets is wat iemand vir jou in 'n kantoor kan skryf nie. Indien die plan van enige waarde is en as die plan met sukses geïmplementeer wil word, moet al die bogenoemde faktore ingesluit word en die plan moet gekoppel word aan die boer en die natuurlike hulpbronne.

JANE MCPHERSON,
PROGRAMBESTUURDER VAN
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS-
PROGRAM VIR BOERE



Bewaar die hout op jou plaas



DIE GROEIENDE BEVOLKING EN VERMINDERDE TOEGANG TOT GROND PLAAS GROOT DRUK OP LANDBOUGROND. AKTIEWE UITROEI VAN DIE NATUURLIKE PLANTEGROEI VAN HOUT OM MEE TE BOU, TE GEBRUIK VIR BRANDHOUT EN BRANDSTOF ASOOK OM MEER PLEK TE MAAK VIR GEWASSE, LEI TOT 'N ERNSTIGE AFNAME IN WOUDE EN BOSVELD.

'n Groter persentasie boere van regoor die wêreld begin verstaan dat bome 'n waardevolle hulpbron is en hulle gee meer aandag aan hul bestaande bome en is selfs pro-aktief met die aanplant van meer bome op hul plase. Daar is geen beter tyd nie as die huidige om te leer hoe en waarom hout bewaar moet word.

Dit is goeie praktyk vir graanboere om windskerms om hul landerye te laat groei. Dit word gewoonlik gedoen deur die aanplant van klein plantasies rondom lande en staan bekend as agrobosbou. Vir baie jare het boere wat gewasse plant in gebiede waar sterk winde ervaar word, reeds windskerms van bome of struie geplant. Windskerms van tussen een tot vier rye, of 10% van 'n land, kan aangeplant word sonder om landbouproduktiwiteit te beïnvloed. Hierdie praktyk is voordelig omdat baie jong gewasse gevoelig is vir wind en ook omdat kaal veld wat onderworpe aan baie wind is, lei tot meer verdamping. Gewasse soos mielies en sonneblom in hul delikate en kwesbaarste na-opkomstadium, word verskroei deur die sandkorrels wat deur die wind gewaai word en wat hul groei aansienlik belemmer en dus 'n negatiewe invloed op hul opbrengs het. Ongelukkig ervaar te veel boere, veral nuwe ontwikkelende boere, skade as gevolg van wind. Daar is twee primêre redes vir hierdie probleem:

1. Aangeplante plantasies word nie bewaar nie, maar word eerder gebruik as 'n bron van brandstof.
2. Boere plant nie nuwe plantasies aan nie weens 'n gebrek aan bewustheid van die voordele daaraan verbonde.

Daar is geen twyfel dat daar 'n geweldige behoefte aan hout as 'n bron van brandstof is nie, maar dit is noodsaaklik dat die houthulpbronne bewaar en volhoubaar benut moet word. Daar moet dus 'n balans tussen benutting en bewaring bereik word.

Hoe om 'n balans tussen benutting en bewaring te bewerkstellig

Vervang wat jy verwyder

Wanneer daar 'n behoefte is om bome af te saag, hetsy vir brandstof of konstruksiedoeleindes, neem dan die inisiatief om te herplant en te vervang wat jy verwyder het. As daar koste betrokke is by die aankoop van saailingbome, beskou dit as 'n belegging waarby jy sal baat vind in die toekoms. Jy kan egter ook saailinge kry wat gegroei het van saad wat geval het; op dié manier is daar geen koste aan verbonde nie. **Bloekom** (*Eucalyptus grandis*) en **Swartwattel** (*Acacia Mearnsii*) word die mees algemeen gebruik vir windskerms in Suid-Afrika. Hulle groei baie vinnig, het digte blaremassa en takke om windspoed te verlaag, is geharde spesies en ook geskik vir baie streke regoor die land. Hulle is egter uitheemse spesies en nie inheems (plaaslik) aan Suid-Afrika nie.

Die **Wilde Perske** (*Kiggelaria africana*) is 'n inheemse boom wat steeds baie gewild is as 'n windscherm en koelteboom vir vee, en dalk 'n

Bewaar die hout op jou plaas

goeie alternatief is om bome wat verwyder is, mee te vervang. Die boom groei vinnig in baie dele van Suid-Afrika, blare groei dig en is onsmaklik vir vee. Die hout is ook sterk en bied weerstand teen wind.

Oes oordeelkundig

Gebruik tyd om die bome wat op jou eiendom groei, te verstaan. Baie bome reageer verskillend op verskillende metodes van oes. As jy byvoorbeeld bloekomplantasies oes, kan jy vir baie generasies steeds voordeel trek as jy verstaan wat die beste metode van oes is. Moet nie die stam verwyder nie, maar eerder die lote wat uit die stam groei. Laat twee lote per stam agter vir kleur en balans. Swartwattel, aan die ander kant, produseer nie soveel lote nie. Dit is egter 'n spesie wat goed reageer op brand, siende dat vuur die dormante sade in die bogrond sal laat ontkiem. Dit sal 'n digte plantasie bewerkstellig. Beheer vure versigtig, omdat wattel maklik kan in-dring indien dit nie effektief bestuur word nie.

Maak gebruik van alternatiewe energiebronne

Daar is baie ander natuurlike energiebronne as hout. Mieliekoppe is uitstekend, omdat hulle opgetel en gestoor kan word na oestyd. Hulle hou hitte goed en is dus geskik vir kook en verhitte van die huis. Die mis van beeste is ook 'n baie goeie bron van brandstof wanneer dit droog is, en dit is ook goedkoop om te versamel. Indien jy 'n gemengde graan- en veeboerdery bedryf, het jy toegang tot beide hierdie produkte.

Versprei die nuus

Wees pro-aktief en deel jou kennis rakende houtbewaring en die spaarsame gebruik van hout. Moet nie toekyk hoe jou buurman al sy wind-

skerms verwyder nie. Leer jou boerderyvriende die voordele van plantasies en moedig die aanplant van nuwes aan.

Wat is die voordele van 'n windscherm-plantasie?

- Dit bied beskerming aan gewasse.
- Dit help met die bewaring van bogrond, omdat dit nie so maklik weg-gewaai word nie. Daar is baie wind-erosie op verskeie plekke wat lei tot die verlies aan grond en grondvrugbaarheid, wat beteken dat daar minder grond is vir die verbouing van voedselvoorrade en die aanplant van gewasse. Windskerms verminder windspoed en voorkom permanente verlies aan grond.
- Dit bied 'n habitat vir bosdiertjies; dus die handhawing van biodiversiteit.
- Dit help met die skep van 'n goeie grondstruktuur, omdat hul wortels help om die grond te bind.
- Dit produseer droë organiese materiaal wat dien as deklaag en voer.
- Dit verminder verdamping as gevolg van wind en toename in opbrengs as gevolg van gunstige omstandighede.
- Indien korrek bestuur word, kan dit goeie vuurmaakhout en boumateriaal voorsien.
- Dit bied skaduwee.

Ten einde hierdie voordele op ons plase te geniet, moet ons die vier belangrikste praktyke konsekwent en deurlopend implementeer. As ons ons plantasies effektief kan bestuur, sal ons en ons plase geweldig baat daarby vind en dit sal lei tot 'n omgewing wat meer volhoubaar is in die toekoms.

GAVIN MATHEWS, BACCALAUREUS IN OMGEWINGSBESTUUR, UKZN



Winter- graan

Begrotings plaas jou in beheer van jou besigheid

'N BEGROTING KAN AS 'N GROOT HULPMIDDEL DIEN, NIE NET WANNEER DIT BEHOORLIK OPGESTEL EN KORREK GEBRUIK WORD NIE, MAAR OOK WANNEER DIT IN SAMEWERKING MET 'N PRODUKSIEBESTUURSPROGRAM, WAT HELP MET DIE BEPLANNING VAN JOU BESIGHEID, GEBRUIK WORD. DIT HELP JOU OM TE ORGANISEER, TE IMPLEMENTEER EN AL JOU AKSIES TE BEHEER. 'N BEGROTING HELP JOU DUS OM TEN VOLLE IN BEHEER VAN JOU BESIGHEID TE WEES.

Iemand het eendag gesê dat as jy nie weet waarheen jy op pad is nie, jy uiteindelik op enige plek kan eindig. Hierdie gesegde is veral van toepassing met betrekking tot jou besigheid. As jy nie beplan en behoorlik begroot nie, kan jy nie jou voorafbepaalde bestemming (doelwitte) bereik nie. Wat is die doel van jou besigheid? Selfs al het jy waarskynlik 'n hele aantal doelwitte geïdentifiseer, moet die bereiking van finansiële sukses sonder twyfel een van die belangrikstes wees. Die handhawing van volhoubare wins, die handhawing van likiditeit asook die handhawing van 'n gesonde kontantvloeï oor 'n lang termyn is ewe belangrik wanneer finansiële sukses nagestreef word.

Onthou, 'n begroting word gedefinieer as 'n geskrewe plan, uitgedruk in fisiese en finansiële hoeveelhede vir die toekomstige optrede van jou besigheid om jou doelwitte te bereik.

Die uitdaging met die opstel van 'n begroting is dat jy oor geen brondokumente beskik nie omdat daar geen transaksie plaasgevind het nie en dus al die verwagte inkomste en uitgawes self moet bereken.

Die berekening van die toekomstige inkomste of uitgawes vir elke item in jou totale begroting, is 'n groot uitdaging, want jy moet oor inligting beskik ten opsigte van die verwagte pryse van alle items.

Die volgende is van groot waarde om te help met die bogenoemde:

- Indien jy oor historiese inligting rakende inkomste en uitgawes van die afgelope paar jaar beskik, kan dit van groot waarde wees. Dit skep 'n nuttige basis vanwaar die begroting vir die volgende jaar gedoen kan word.
- Samel soveel inligting as moontlik in – lees landbou tydskrifte, luister na verslae oor die radio, woon boeredae en studiegroepe by, verkry inligting vanaf die internet, woon NAMPO by, lees koerante ensovoorts.
- Kontak die verskaffer van jou produk en verkry inligting oor verwagte pryse ten opsigte van uitsette.
- Kontak al jou verskaffers en kry 'n aanduiding van moontlike verwagte pryse ten opsigte van insette.

Dit is onmoontlik om die opstel van 'n volledige begroting te illustreer binne die beperkinge van 'n artikel. Ons sal egter poog om die beginsel rakende die bepaling van die verwagte inkomste en uitgawes deur middel van 'n paar voorbeelde te illustreer. Hou in gedagte dat jou begroting so realisties as moontlik moet wees. Wees konserwatief met betrekking tot inkomste en progressief met betrekking tot uitgawes. Opleiding en ondervinding sal die probleme met die opstel van 'n begroting oorkom.

Voorbeelde van inkomste

Mielies

Volgens jou produksiebestuursprogram is jy van plan om 150 hektaar mielies gedurende November 2012 aan te plant, met 'n produksievermoë van 4,5 ton/ha. Uit die inligting wat ingesamel is, verwag jy dat die gemiddelde prys van mielies R1 800 per ton gedurende die volgende seisoen gaan wees.

Mielies

Hektaar (a)	Produksie per hektaar (b)	Totale produksie (c)	Verwagte inkomste per ton (d)	Inkomste per hektaar (e)	Totale verwagte inkomste
150	4,5 tons	675 tons (a x b)	R1 800	R8 100 (c x d)	R1 215 000 (a x e) of (c x d)

Begrotings plaas jou in beheer van jou besigheid

Saad

Hektaar wat geplant word (a)	Saad per hektaar (b)	Totale saad (kg) (c)	Verwagte prys per 25 kg sak (d)	Aantal sakke om aan te koop (e)	Totale verwagte koste
150	6 kg	900 kg (a x b)	R1 500	36 bags (c/25kg)	R54 000 (d x e)

Diesel

Km per maand (a)	Totale km per jaar (b)	Verbruik (c)	Liter diesel verbruik per maand (d)	Liter diesel verbruik per jaar (e)	Verwagte prys van diesel (f)	Koste per maand (g)	Totale verwagte koste (h)
1 250	15 000 (a x 12 maande)	10 km/liter	125 (a/b)	1 500 (b/c)	R11,50	R1 437,50 (d x f) of (h/12)	R17 250

Telefoonkoste

Totale koste vir die vorige jaar (a)	Koste per maand vir vorige jaar (b)	Persentasie verhoging (c)	Koste per maand vir volgende jaar (d)	Totale verwagte koste vir die volgende jaar
R7 380	R615	6%	R652	R7 823

Voorbeelde van uitgawes

Saad

Volgens jou produksiebestuursprogram is jy van plan om 6 kg saad per hektaar te gebruik om 'n plantestand van 20 000 plante per hektaar te verkry wanneer daar in November 2012 aangeplant word. Jy sal gebruik maak van 'n spesifieke kultivar YYYGGG. Uit die inligting versamel, verwag jy dat die prys van saad R1 500 per sak sal wees gedurende die volgende seisoen.

Diesel vir die plaasbakkie

Uit inligting van vorige jare beplan jy om gemiddeld 1 250 km per maand te ry, 'n totaal van 15 000 km vir die jaar. Jy weet ook dat jou voertuig gemiddeld 10 km per liter diesel kan ry. Uit die inligting versamel, verwag jy dat die prys van diesel gemiddeld tot R11,50 per liter gedurende die volgende seisoen gaan styg.

Die vorige berekening is bekend as 'n nul-gebaseerde begroting, terwyl die volgende voorbeeld vir die telefoonkoste op 'n toegevoegde basis sal wees.

Telefoonkoste

Dit is baie moeilik om te beplan vir telefoonkoste. Dus sou mens normaalweg gebruik maak van die vorige jaar se koste as 'n grondslag en die koste verhoog deur 'n persentasie soos die verwagte inflasiekoers, byvoorbeeld 6%.

Soos in die voorbeelde genoem, moet jy die verwagte koste vir elke koste-item in jou besigheid bereken. Alhoewel dit 'n uitdagende taak is wanneer jy dit die eerste keer doen, of jy dit met die hand of per rekenaar bereken, sal die volgende jaar baie makliker wees, veral wanneer daar gebruik gemaak word van 'n rekenaar. Hoe meer jy dit doen, hoe makliker word dit en hoe meer akkuraat sal jou begrotings word.

Al die inligting word dan gebruik om die finale drie begrote finansiële state op te stel, wat dan die verwagte finansiële sukses van jou besigheid sal weerspieël.

Hoe om 'n volledige begroting te gebruik in kombinasie met jou produksiebestuur

- Wanneer produkte aangekoop word, gebruik die inligting in jou begroting en produksiebestuur. Jy moet 36 sakke saad van kultivar YYYGGG aankoop voor November, teen 'n verwagte koste van R54 000. Koop daarom volgens jou plan. Daar sal soms onvoorsiene prysstygings wees en die saad kan meer as R54 000 kos. Aanvaar egter dat as jy minder saad koop, dit jou produksie negatief sal beïnvloed, maar weet ook dat dit 'n nadelige uitwerking op jou wins tot gevolg kan hê.
- Wanneer 'n aksie voltooi is, gebruik jou begroting en die produksiebestuursprogram vir die finale beheer. Wat was die werklike inkomste en/of uitgawes in vergelyking met jou begroting en verduidelik enige afwyking. Neem dan die rede vir 'n afwyking in ag met die opstel van jou volgende begroting – dit sal help om jou besigheid te verbeter.
- Beheer dieselkoste en telefoonkoste op 'n maandelikse basis. As jy een maand oorspandeer, probeer spaar in die volgende maand om binne jou gemiddelde maandelikse begroting te bly. Dink aan die noodsaaklikheid van reis en beplan jou reise met die bakkie deeglik. Oorweeg ook die noodsaaklikheid van 'n telefoonoproep en ondersoek goedkoper maniere van kommunikasie.

Wanneer 'n begroting saamgestel en gebruik word soos verduidelik, kan dit 'n groot beheermaatreël wees – dit plaas jou in beheer van jou besigheid. In 'n opvolgartikel sal ons na die voordele van 'n begroting kyk.

ARTIKEL VERSKAF DEUR MARIUS GREYLING

Alles oor onkruid, hoofpyn en onkruidodders

WANNEER ONS DIE BEPLANNING VIR DIE NUWE SEISOEN DOEN, IS DIT TYD OM DIE BESTE BENADERING TOT DIE ONKRUID IN JOU LANDE TE OOR- WEEG. ONKRUID IS VIR BOERE 'N GROOT KOPSEER EN 'N BOER SE HELE OES KAN ERNSTIG BEDREIG WORD INDIEN DIT ONBEHEER GELAAT WORD.

Baie boere sukkel met ou, uitgediende of gebreekte toerusting wat goeie landvoorbereiding 'n uitdaging maak. Verder dwing arbeid- en dieselskoste boere om soms te sny op die bewerking van hulle lande. Die waarheid is dat indien swak masjinerie, ou werktuie en beperkte finansies verhoed dat 'n boer die "onkruidhoofpyn" aanspreek, hy 'n veel groter hoofpyn sal hê wanneer hy 'n swak oes het en nie net sy lenings kan terugbetaal nie, maar ook nie los toerusting of diesel kan aankoop nie.

Elke boer moet vertrouwd wees met die tipe onkruid wat op sy lande groei en hy moet weet watter bedreiging die onkruid inhou vir sy voorgestelde verbouingsprogram. Hy moet besluit wat die beste manier is om sy grond skoon te kry en nog voordat die seisoen begin, moet hy 'n plan beraam in verband met hoe hy sy lande skoon sal hou van indringeronkruid wat kritieke water- en voedingstofvoorrade gebruik wat beskikbaar moet wees vir die gewasse wat hy sal plant.

Daar is baie verskillende strategieë wat mens kan gebruik in die stryd teen onkruid, deur beide fisiese en chemiese metodes.

- **Fisiese metodes** van onkruidbeheer sluit in die trek met die hand, skoffel, dis, ploeg en sny.
- **Chemiese metodes** sluit in die toepassing van goedgekeurde onkruidodders om spesifieke probleme te beheer. Baie boere verkies om chemiese spesialiste te raadpleeg wat help met die identifisering van die onkruid en wat advies gee oor die beste program en produkte om te gebruik.

Graan SA raai boere aan om wyse keuses te maak wanneer 'n onkruidodderprogram gekies word. Waar lande ernstig besmet is met onkruid en gewasproduksie bedreig word, is 'n drastiese benadering nodig – dit sal egter nie altyd die geval wees nie en meer gematigde en ekonomiese programme kan ook gebruik word. Daar is meer en meer boere wat deur ons Graan SA-studiegroepe en -opleidingskursusse leer dat effektiewe gebruik van onkruidodders 'n baie groot verskil maak aan die vrug (of opbrengs) van 'n seisoen se harde arbeid. Die terugvoering wat ons ontvang oor verbeterde opbrengste op plase, beide groot en klein, is baie bemoedigend. Omdat ons sulke uitstekende resultate en beter opbrengste sien, is ons boere op soek na verbeterde spuittoerusting, of dit nou die aankoop van 'n nuwe spuit beteken, of selfs die aankoop van meer rugsakspuite.

Aan die einde van die dag moet die chemikalieë wat ons gebruik die verlangde beheer van die teikenspesies voorsien, terwyl dit die bedreiging vir die omgewing en die mense wat met die chemikalieë werk, moet verminder. Dit is belangrik om te verstaan dat chemikalieë gifstowwe is wat slegs nuttig is as dit korrek en met groot sorg gebruik word.

Hoe om onkruid- en plaagdoders te gebruik

Lees die etikette

Dit is baie belangrik om die etikette op elke houder onkruidodder of plaagdoder baie noukeurig te lees. Die inligting wat op die etikette voorsien word, word gedoen na baie toetse deur gebruik te maak van die produk in verskillende toetsomgewings. Jy moet die etikette lees elke keer as jy 'n

nuwe bottel koop, in geval daar veranderings of nuwe bevindinge en advies op voorkom.

Dit is baie belangrik dat die boer verstaan hoe om die produk veilig te gebruik. Hy moet ook al sy medewerkers leer hoe om die produk veilig te gebruik. Jy moet nooit jouself, jou produkte of jou verbruikers in gevaar stel as gevolg van swak onkruidodertoediening nie.

- Die plaagdoderetikette beskryf die regte omstandighede waarin die produk gebruik moet word en dui duidelik aan op watter gewasse dit veilig gebruik kan word. Dit sal ook die produk se area van gebruik aandui asook die onkruid, peste of siektes waarteen die produk gebruik kan word. Die produk mag slegs gebruik word om die probleme wat op die etiket aangedui word, te beheer.
- Die etiket voorsien ook belangrike inligting soos hoe om die spuitoplossing te meng, die beste manier om te spuit, die hoeveelheid wat aangewend word, die hoeveelheid kere wat die produk op 'n gewas aangewend kan word en die kritieke tydperk tussen die laaste toediening en oes.
- 'n Baie belangrike aspek by die aanwending van Roundup is die noodsaaklikheid om skoon water te gebruik. Roundup heg aan kleideeltjies en vernietig die werking daarvan. Dit maak dit noodsaaklik vir die korrekte kwaliteit water wat gebruik word. 'n Boer wat hierdie produk meng met water uit 'n oop dam of 'n stroom, mors sy geld, omdat die duur behandeling nie die gewenste resultate sal voortbring nie.
- Die etiket verskaf ook inligting oor die beskermende klere wat gedra moet word deur die persoon wat die gif toedien en daar is gewoonlik ook instruksies vir behandeling indien daar 'n ongeluk plaasvind. Die mees kwesbare area van blootstelling aan die gif is deur die vel en ook deur die inaseming van dampe.

Die etikette op onkruidodder of plaagdoder is 'n belangrike skakel tussen die vervaardiger en die boer rakende die beste praktyke en verantwoordelike rentmeesterskap.

Hou jou onkruidodders en insekdoders toegesluit

Verantwoordelike boere stoor hul plaagdoders op 'n veilige plek en hou dit toegesluit. Verskeie hartseerstories kan vertel word oor hoe plaagdoders onnodige siekte, hospitalisasie en dood veroorsaak het. Daar word beraam dat meer as 250 000 mense elke jaar selfmoord pleeg deur doelbewus plaagdoders te drink. Moet asseblief nie toelaat dat dit gebeur nie en hou die sleutel van die stoor veilig weggesteek waar net die verantwoordelike hanteerders toegang daartoe het. Jy moet ook seker maak dat die stoor veilig is teen vuur, omdat sommige van hierdie produkte hoogs vlambaar is en olie op die vuur sal wees of selfs ontplof. Jy moet ook seker maak dat hulle veilig is teen swaar reën en vloedwater, omdat gifstowwe water sal kontamineer en die negatiewe impak van so 'n ramp verrekende gevolge sal hê.

Versorging van spuittoerusting

Jou spuittoerusting sal jou spuitprogram help om die gewenste resultate te bereik – of nie. Dit is daarom belangrik om baie goed na hierdie toerusting om te sien. Dit is belangrik om die toerusting deeglik te was na gebruik en dit veilig te stoor en weg van diere of voer te hou. Gaan al die werkende dele gereeld na, herstel lekkasies en vervang spuitpunte. Die spuit moet

Alles oor onkruid, hoofpyn en onkruidodders

noukeurig en akkuraat gekalibreer word. Maak seker dat die spuittoerusting nie enige plaagdodermengsels lek nie, want dit is nie net 'n vermorsing nie, maar ook potensieel skadelik.

Die toerusting wat gebruik word om te meet of te weeg, moet nie gebruik word vir enigiets anders nie. Moet nooit koshouers of eetgerei gebruik om dit in te stoor nie. Was al die toerusting wat gebruik word deeglik.

Raak ontslae van jou leë houers

Leë houers moet deeglik gewas word en hulle moet nie herwin word nie, omdat hulle gifstowwe bevat het en dus 'n gesondheidsrisiko bied vir mense en diere en ook tot omgewingbesoedeling aanleiding gee. Selfs as jy weet dat die houer nie weer gebruik gaan word nie, is dit steeds jou verantwoordelikheid as gebruiker om die houer deeglik te was voordat jy daarvan ontslae raak. Die algemeen aanvaarde beste praktyk is om die houer ten minste drie keer te spoel. Na aanleiding hiervan, moet die houers vol gate gestee word om hergebruik te ontmoedig en dan moet hulle gestort word waar hulle verbrand kan word, indien daar geen professionele herwinnings-fasiliteit beskikbaar is nie. Chemiese maatskappye word deesdae geadviseer dat dit nie op ons plase gedoen moet word nie, maar eerder op groter stortingsterreine, omdat houers wat gifstowwe gehou het, nie verbrand moet word naby mense of vee nie. Die ander alternatief is om die houers in 'n baie diep gat te begrawe, waar dit nie ondergrondse watervoorraad kan besmet nie.

Wees 'n verantwoordelike spuitoperateur

Maak seker dat jy die voorgeskrewe beskermende klere dra. Jy moet ook seker maak dat jou vel nie blootgestel word nie, dus moet jy 'n langmouhemp, langbroek, toe skoene met lang sokkies en 'n hoed dra. Handskoene moet gedra word en deeglik gewas word voordat hulle uitgetrek word. Was enige spatsels op jou vel of in jou oë onmiddellik uit. Soms is dit nodig om beskerming, soos 'n bril, oor jou oë te dra en maskers om die lug wat jy inasem, te

filtreer. Moenie enige ander mense in gevaar stel nie en maak seker dat al die diere op 'n veilige afstand weg van die bespuitingsaktiwiteite is.

Spuitoperateurs word aangeraai om baie water te drink ten einde dehidrasie te voorkom en hulle moet nie rook, eet of drink terwyl hulle besig is met bespuiting nie. Dit is nie raadsaam om gedurende die warmste deel van die dag te spuit nie. Dit is ook nie raadsaam om te spuit as die teikenarea nat is of as dit lyk asof dit gaan reën nie. Wees wys en vermy blootstelling aan enige spuitstofdampe deur wind-op te loop en nooit in winderige toestande te spuit nie.

Wat is wegdrywing van spuitnewel?

Dit verwys na die kleinste druppels plaagdoder of onkruidodder wat saam met die wind wegdryf vanaf die spesifieke area wat behandel word. Hierdie druppels is so klein en lig dat selfs 'n sagte briesie hulle dra. Dit is waarom die operateurs van 'n rugsakspuit bewus moet wees van die windrigting en probeer wind-op loop sodat die newel wegdryf. Waar die newel op 'n land kom wat nie bedoel was om bespuit te word nie, kan ernstige skade aan gewasse plaasvind. Die koste kan bereken word en die spuitoperateur sal daarvoor moet betaal.

Baie voorvalle is al aangemeld waar Roundup byvoorbeeld op Roundup Ready-mielies gespruit is, maar waar winderige toestande of nalatigheid die oorwaai van spuitnewel laat val het op gewasse wat nie bestand is teen Roundup nie, met rampspoedige gevolge. Wegdrywing van spuitnewel veroorsaak baie ongelukkigheid waar die water in riviere besoedel word of selfs waar menslike nedersettings gevoel het dat hulle onwillekeurig blootgestel is aan die giftige newels. Daarom moet alle spuiteienaars en -operateurs volle verantwoordelikheid neem vir hul optrede en voorsorgmaatreëls beoefen tydens toediening. Indien die windspoed te hoog is, is dit wys om die spuitprogram uit te stel.

JENNY MATHEWS, VOORMALIGE VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE

***Hierdie spesiale bylaag is
moontlik gemaak deur die bydrae
van die Wintergraantrust.***

Nuus uit die Noordwes Provinsie



SEDERT DIE BEGIN VAN MEI HET GRAAN SA NUWE AKSIES IN DIE NOORDWES PROVINSIE GEÏMPLEMENTEER MET DIE HULP VAN VIER MENTORS. DIE BELANGSTELLING IN GRAAN SA SE AKTIWITEITE IN DIE STREEK IS BESIG OM TOE TE NEEM EN OM AAN DIE BESTE MOONTLIKE MANIER TE VOLDOEN, WAS DIT NODIG OM NUWE STUDIEGROEPE TE KONSOLIDEER EN TE VESTIG IN DIE GROTER SENTRA, EERDER AS IN ELKE DORP SOOS DIT DIE AFGELOPE PAAR JAAR GEDOEN IS.

Die werklikheid is dat dit baie duur is om vergaderings in die dorpe te hou, terwyl ons eerder sessies met groter groepe net so doeltreffend kan bied. Ons hoop dat mense sal verstaan dat dit ons doel is om selfs meer mense as ooit tevore te bereik. Kwessies rakende voedselsekureit en grondhervorming beteken dat meer en meer boere bereik en sodoende toegerus kan word met inligting en hulp met betrekking tot die beste boerderypraktyke. Studiegroep-onderrigssessies sal dieselfde wees in elke sentrum en die mentors sal voortgaan om boeredae, proewe en opleidingskursusse in die streek te fasiliteer.

Studiegroepe is van stapel gestuur met:

- Raymond Boardman in Potchefstroom, op Ventersdorp en op Koster;

- Arthur Clayton op Lichtenburg en Coligny;
- John Mathews in Mafikeng en op Mooifontein; en
- Jan Pretorius op Delareyville, Ottosdal, Sannieshof en Wolmaransstad.

Graan SA is ook tans besig om te onderhandel met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming asook die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie. Na aanleiding van 'n suksesvolle vennootskap op 16 Vrystaatse plase gedurende 2011 tot 2012, word gehoop dat ons in staat sal wees om 'n strategiese vennoot van die onderskeie departemente te word en saam hul te werk om die plase in die Noordwes Provinsie op dieselfde manier te herkapitaliseer.

'n Hele aantal besigheidsplanne is reeds opgestel na aanleiding van plaasbesoeke en ons hoop dat dit net die begin van groot dinge is wat voorlê. Die boere moet asseblief onthou om steeds hard te werk, te doen wat jy kan vir jou eie besigheid en toegewyde boere te bly wat realistiese doelwitte nastreef eerder as om net te wag en te sien of herkapitalisering na julle toe gaan kom.



JENNY MATHEWS, VOORMALIGE VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Verstaan veldbestuur

DIT IS ALTYD HARTSEER OM DIE TOESTAND VAN DIE VELD GEDURENDE HIERDIE TYD VAN DIE JAAR TE SIEN. IN DIE MEESTE GEVALLE IS DIE WEIDING VERWOES EN DIE BEESTE BAIE MAER. DIE SLEGSTE NUUS IS EGTER DAT DIE GRAS EERS WERKLIK SAL HERSTEL NA DIE EERSTE LENTEREËN. DIT IS DUS BAIE BELANGRIK DAT ONS BOERE BEGIN OM VELDBESTUUR TE VERSTAAN.

Veld en weiding moet verstaan en bestuur word sodat dit 'n bate vir ons generasie en ook toekomstige geslagte kan wees. Op hierdie stadium is daar baie gebiede waar die oorbeweiding so erg is, dat ek wonder of toekomstige geslagte ooit sal weet hoe dit gelyk het.

Die natuurlike veld in Suid-Afrika kan beskou word as die baie komplekse en reeds goed gedefinieerde grastipes wat breedweg as soetveld, suurveld en gemengde veld voorkom.

Die onderskeid tussen hierdie veldtipes kan gedoen word hoofsaaklik volgens die voedingswaarde en smaaklikheid van die grasse vir beide klein- en grootvee gedurende die wintermaande.

As 'n algemene reël in hoë reënvalgebiede, is die moontlikheid van die loging van voedingstowwe in die grond ook hoog. In laer reënvalgebiede word meer voedingstowwe behou en is die voedingswaarde van die veld of natuurlike weiding dus hoër in die winter.

Om voor te berei vir die koue en harde winters op die hoëveld, dra veldgrasse voedingstowwe oor na die wortels aan die einde van die somer en voor die aanvang van die eerste ryp.

Hierdie faktor is 'n belangrike aspek om te oorweeg in die bestuur van jou veld. Om te lank voor die winter te bewei, sal die gras nie genoeg tyd gee om meer blare te produseer wat die plant in staat sal stel om plantvoedingstowwe te maak wat in die wortels gestoor word om te groei nie. Die voedingstowwe is noodsaaklik om die plant in staat te stel om sterk te begin groei aan die begin van die lente. Inspekteer jou kampe van tyd tot tyd deur die somer ten einde te bepaal of oorbeweiding plaasvind. Die beeste kan dan verskuif word na ander kampe. 'n Kort en breë beskrywing van die belangrike aspekte van die belangrikste veldtipes word hieronder genoem.

Belangrike soetveldfaktore

Soetveld kom hoofsaaklik in laagliggende en amper rypvrye gebiede voor met reënval wat wissel van 250 mm tot 625 mm per jaar. Die grasse is gewoonlik smaaklike weiding gedurende die jaar by veld wat goed bewaar en bestuur word.

Wanneer jy gedurende winter deur die veld op jou plaas loop, kan die hoofblaarstingels wat in die grasmengsels oorgebly het, soos volg getoets word. Die blaarstingels van die smaaklike grasse breek baie



'n Pol rooigras wat in die middel van Julie verwyder is, na sowat 40 mm reën wat gedurende Junie geval het.

maklik, terwyl die minder smaaklike grasse baie moeilik is om tussen jou vingers te breek. Hierdie toets sal 'n aanduiding van die verhouding tussen soet- en suurgrasse op jou veld wees.

Soetgrasse is smaaklik, wat beteken dat dit lekker proe vir jou vee en ook meer verteerbaar in die mae van jou diere is. Dit is om hierdie rede dat soetveld sensitief vir oorbeweiding kan wees as te min diere oor 'n te lang tydperk gedurende die somermaande in 'n kamp gelaat word. Die diere het dan tyd om te kies en sal voortdurend die beter soetgras vreet.

Indien korrekte beweidspraktieke in 'n kamp van gemengde soetgrasse toegepas word, kan dit vinnig na weiding herstel indien goeie reënvaltoestande ervaar word.

Rooigras word gevind in die meeste soetveld en kan die oorheersende spesie in sekere gebiede wees. Dit is dus 'n baie belangrike veevoer-hulpbron wat bewaar moet word.

Belangrike suurveldfaktore

Suurveld kom hoofsaaklik op hoogliggende gebiede met lae temperature voor, in areas met 'n reënval wat wissel van 625 mm of meer. Die blare van hierdie grasse is harder en bevat meer lignien, 'n plantmateriaal wat strukturele ondersteuning aan die stamme van grasse gee en wat nie so maklik verteer in die rumen van vee as soetgras-veldtipes nie. Hierdie grasse is slegs smaaklik as dit groen is gedurende die somermaande en het dus 'n lae voedingswaarde gedurende die wintermaande.

Hierdie tipe veld kan oorbeweiding verdra, wat met verloop van tyd lei tot 'n laer lewendehawe-produksie. Indien oorbeweide, herstel dit stadiger onder goeie klimaatstoestande as soetveld.

In Harrismith kan groot gebiede suurveld vanaf die hoofpaaie waargeneem word. Hierdie veld word dikwels gedurende die winter gebrand om bosluisbesmettings te beheer en 'n stormloop van groen smaaklike groei te bevorder gedurende die lente. Dit is egter 'n twyfelagtige praktyk en beslis nie 'n aanbevole praktyk vir soetveld- of gemengde veld-gebiede nie.

Gemengde veld

Die eienskappe van die mengsel grassoorte in gemengde veld is iewers tussen soet- en suurveld en bevat beide spesies van soet- en suurgrasse. Indien 'n gemengde veld meer soetgrasse as suurgrasse bevat, staan dit bekend as soet gemengde veld, of as dit meer suurveld-tipe grasse bevat, staan dit bekend as suur gemengde veld.

Rooigras op jou plaas

Die Latynse naam van rooigras, soos dit algemeen bekend staan, is *Themeda triandra*, en word gevind in alle veldtipes regoor Suid-Afrika. Dit word ook beskou as een van die belangrikste natuurlike soetgrasse vir veeproduksie. Rooigras is die keur onder veldgrasse in baie gebiede. 'n Klimaks gras- of veldtipe bestaan uit 'n tipe grasplant wat selfonderhoudend is oor miljoene jare indien dit onverstoord gelaat word en onderhewig aan natuurlike weiding en langtermynbrandpatrone wat veroorsaak word deur weerlig.

Dit is baie nuttig om in staat te wees om die gras in jou veld te identifiseer. Op baie plase wat oorbeweide is, kry jy nie baie polle rooigras in 'n veldmengsel nie, veral wanneer jy die veld in die winter waarneem.

Die foto van 'n rooigraspol wat verwyder is gedurende die middel van Julie, na sowat 40 mm reën ontvang is gedurende Junie, word



Veld in die Oos-Vrystaat met byna geen rooigraspolle nie en wat baie wit voorkom.

**GRAAN SA**

PO Box 74087, Lynwood Ridge, 0040
 ▶ 08600 47246 ◀
 www.grainsa.co.za

**VERSPREIDING
Debbie Boshoff**

▶ 08600 47246 ◀
 www.grainsa.co.za

ONTWIKKELINGS KOÖRDINEERDERS**Danie van den Berg**

Free State (Bloemfontein)
 ▶ 071 675 5497 ◀
 danie@grainsa.co.za

Johan Kriel

Free State (Ladybrand)
 ▶ 079 497 4294 ◀
 ▶ Office: 051 924 1099 ◀
 johank@grainsa.co.za
 Dimakatsi Nyambose

Jerry Mithombothi

Mpumalanga (Nelspruit)
 ▶ 084 604 0549 ◀
 ▶ Office: 031 755 4575 ◀
 jerry@grainsa.co.za
 Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)
 ▶ 072 736 7219 ◀
 naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz

Mpumalanga (Vryheid)
 ▶ 082 354 5749 ◀
 ▶ Office: 034 980 1455 ◀
 jurie@grainsa.co.za
 Sydwell Nkosie

Ian Househam

Eastern Cape (Kokstad)
 ▶ 078 791 1004 ◀
 ▶ Office: 039 727 5749 ◀
 ian@grainsa.co.za
 Jenilee Bunting

Lawrence Luthango

Eastern Cape (Mthatha)
 ▶ 076 674 0915 ◀
 ▶ Office: 047 531 0619 ◀
 lawrence@grainsa.co.za
 Cwayita Mpotyi

Toit Wessels

Western Cape (Paarl)
 ▶ 082 658 6552 ◀
 toit@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK**Infoworks**

▶ (018) 468-2716 ◀
 www.infoworks.biz

**PULA INVULA IS BESIKBAAR IN
DIE VOLGENDE TALE:****Afrikaans,**

Engels, Tswana, Sesotho,
 Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Verstaan veldbestuur

getoon. Die gras het reeds ryp gekry tot 8°C onder vriespunt. As jy mooi kyk, kan 'n paar groen blare waargeneem word. Hierdie blare is van kritieke belang vir die plant om in staat te wees om met die groei van die nuwe wortels vir die nuwe produksieseisoen by die aanvang van die lente, te begin.

Alhoewel hierdie plant in die winter in 'n dormante stadium is, sal die omvang van sy wortels in die grond onder die plant soortgelyk wees aan die mate van groei bo die grond, afhangende of dit in die winter of somer bepaal word.

Brandskade

Dit is 'n algemene of tradisionele praktyk om veld te brand om die groei van groen lote in die lente te "bevorder". Daar moet egter in gedagte gehou word dat as die veld op groot skaal gebrand word in Augustus of September, sal die plant uiterste skade ly en die groen wortels vernietig word.

Weens die feit dat die kamp mooi groen sal vertoon in die lente, sal die boer in die versoeking wees om beeste of skape in die kamp te sit. Enige oorbeweiding sal die reserwes van die plante uitput, wat dalk nie genoeg voedingstowwe sal hê vir wortelontwikkeling vir maksimum blaar- en plantontwikkeling wat vereis word gedurende die somermaande nie.

'n Goed bewaarde "klimaks" rooigraskamp sal oorwegend rooi blare in die winter hê en

blou-groen blare gedurende die maksimum groeiperiodes in die somermaande.

Dit sal tot jou voordeel en kennis as 'n boer wees om 'n boek oor die grasse van Suid-Afrika aan te koop, sodat jy in staat kan wees om rooigras op jou eie plaas te identifiseer. Rooigras word maklik verwar met die rooi kleur van terpenyngas wat algemeen in 'n oorbeweide veld gevind word.

Rooigras word beskou as een van die beste weidinggrasse op die Hoëveld-streke, omdat sy blaarproduksie hoog en baie smaaklik is wanneer dit jonk is gedurende die lente en somer. Indien 'n kamp toegelaat word om te rus en nie bewei word gedurende die somer nie, sal 'n goeie bedekking baie goed benut kan word om die vee deur die winter te neem.

Indien die korrekte sout- en fosfaatlekk gebruik word, kan goeie rooigras-veld beskou word as 'n baie strategiese, koste-effektiewe en smaaklike bron van voer in die voervloeibepanning gedurende die winter. Tesame met beheerde somerweiding en in samewerking met mielies en ander oesreste in die winter, is rooigras dus 'n hulpbron wat sal reageer op goed beplande bestuur.

**ARTIKEL VOORSIEN
DEUR 'N AFGETREDE BOER**

Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.